SAKE 24 (Beeld)
11 Oct 2011, p.3

South African Coal Mining ly verlies

George Miller, Johannesburg

South African Coal Mining Holdings (SACMH) het Vrydag 'n tussentydse wesensverlies per aandeel van 4,13c bekend gemaak.

Dit is sowat 8% hoër as sy wesensverlies per aandeel van 3,81c in die vorige ooreenstemmende tydperk.

Die groep het in die halfjaar sowat 204 300 ton steenkool op die uitvoermark verkoop.

Steenkooluitvoer verteenwoordig sowat R171 miljoen van sy omset van R174,2 miljoen. Sy omset vir die vorige vergelykbare tydperk was R5,1 miljoen.

Sy verlies voor belasting het toegeneem tot R19,9 miljoen van R17,2 miljoen verlede jaar.

Kapitaalbesteding in die halfjaar het sowat R30 miljoen beloop. Dié bedrag sluit die opknap van sy steenkoolwassery-aanleg teen 'n koste van R12 miljoen in.

Sy toegelate spoorvragvolume na die Richardsbaaise steenkoolterminus (RBCT) is in die halfjaar tot 157 000 ton verlaag, vanaf 207 000 ton in die vorige ooreenstemmende tydperk.

Sy totale toegelate spoorvragvolume na die RBCT vir die jaar beloop nou 227 000 ton, 30 000 ton minder as in die vorige vergelykbare tydperk.

Die direksie sê 'n onafhanklike ondersoek, wat 'n forensiese ondersoek kan insluit, is ná 30 Junie na sommige van sy mynbedrywighede gelas.

South African Coal Mining Holdings

	Halfjaar tot 30 Junie 2011	Halfjaar tot 30 Junie 2010	%-verandering
Omset	R174,2 m.	R5,1 m.	+3 315%
Verlies voor belasting	R19,9 m.	R17,2 m.	+16%
Wesensverlies per aandeel	4,13c	3,81c	+8%
Dividend per aandeel	geen	geen	–

Aandeelprys

Vrydag (geen verandering)	R0,28
Hoogtepunt vir die jaar	R1,00
Laagtepunt vir die jaar	R0,11